



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NOVEMBER 2018

GRAAD 10

**REKENINGKUNDE VOORBEELD-
VRAESTEL 1 (A)**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n 7-bladsy antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel vir jou verskaf. Jy mag dit gebruik indien jy wil.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe Rekeningkundige vergelyking	AARP-Rekeningkunde Begrippe Boekhou-inskrywings Rekeningkundige vergelyking

VRAAG 2: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Inkomstestaat	Jaareind aansuiwerings Inkomstestaat van 'n eenmansaak

VRAAG 3: 50 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Balansstaat en notas	Begrippe Jaareind aansuiwerings Balansstaat: en notas

VRAAG 4: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe en ontleding en vertolking	Begrippe Berekening van finansiële aanwysers Evaluerings van finansiële aanwysers

VRAAG 1: BEGRIPPE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**(25 punte; 20 minute)****1.1 AARP-BEGINSELS**

Pas die voorbeeld in kolom A by die begrip in kolom B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1. – 1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer. (4)

	Voorbeeld		Begrip
1.1.1	'n Debiteur wat R1 270 skuld, word afgeskryf as oninbare skuld omdat hy nie opgespoor kan word nie.	A	Wesenlikheid
1.1.2	Rente op oortrekking word nie as deel van bankkoste getoon nie.	B	Entiteit
1.1.3	'n Bedrag van R450 vir telefoon is steeds aan die einde van die finansiële jaar verskuldig. Hierdie bedrag sal by telefoon in die Inkomstestaat van die huidige jaar getel word.	C	Paring
1.1.4	Alhoewel die eienaar haar persoonlike selfoonrekening met 'n besigheidstjek betaal het, teken sy dit nie as 'n uitgawe van die besigheid aan nie.	D	Omsigtigheid

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Die transaksies verskyn in die boeke van Leo Winkels. Die besigheid handhaaf 'n bruto winsopslag van 50% op kosprys.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is. (21)

Aanvaar dat die Banksaldo vir al die transaksies **gunstig** is.

Voorbeeld: Die eienaar neem goedere vir persoonlike gebruik, R500.

TRANSAKSIES:

1.2.1 Koop handelsvoorraad op krediet, R14 000 minus 8% handelskorting.

1.2.2 'n Debiteur stuur goedere, kosprys R900 terug aan die besigheid.

1.2.3 Kredietverkope aan U Kabi. Faktuur se totaal is R6 000.

1.2.4 'n Krediteur belas die onderneming met R75 se rente op die agterstallige rekening wat Leo Winkels vergeet het om betyds te betaal.

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT**(45 punte; 35 minute)**

Die inligting is uit die boeke van Andrews Handelaars geneem. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir Andrews Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op.

(45)**UITTREKSEL UIT DIE PROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018**

	Debiet	Krediet
BALANSSTAATREKENING-AFDELING		
Kapitaal		865 500
Vaste deposito: ABBA Bank (7% p.j.)	80 000	
Handelsvoorraad	123 400	
Bank	87 500	
Lening: FNB Bank (14% p.j.)		150 000
NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Verkope		1 280 000
Koste van verkope	640 000	
Debiteureafslag	12 400	
Huurinkomste		154 900
Rente op vaste deposito		4 200
Korting ontvang		3 100
Water en elektrisiteit	35 400	
Advertensies	30 000	
Oninbare skulde	11 300	
Salarisse	184 000	
Telefoon	17 500	
Skryfbehoeftes	23 200	
Versekering	44 000	
Rente op lening	14 000	
Korting toegestaan	3 800	
Bankkoste	2 300	

Aansuiwerings en bykomende inligting:

- A Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietnota uitgereik aan 'n debiteur, K. Lebona, vir handelsvoorraad teruggestuur nie, R3 000 (koste van goedere teruggestuur, R2 000).
- B Op die laaste dag van die finansiële jaar het 'n fisiese voorraadopname die volgende getoon:
- Handelsvoorraad R119 000
 - Skryfbehoeftes R 1 400
- C 'n Debiteur, R. Groenewald, wat R800 skuld, moet as oninbaar afgeskryf word.
- D Die telefoonrekening vir Februarie 2018 is ontvang, maar nog nie betaal nie, R2 200.
- E 'n Jaarlikse versekeringspremie van R7 200 is op 30 September 2017 betaal.
- F Die vaste deposito is op 1 Maart 2017 by ABBA Bank belê. Rente op die vaste deposito is slegs vir 9 maande ontvang. Voorsien vir die uitstaande rente.
- G Die bankstaat op 28 Februarie 2018 ontvang, toon die volgende:
- Bankkoste - R 400
 - 'n Tjek vir R1 300 ontvang van debiteur, J. Taylor, is deur die bank geweier as gevolg van onvoldoende fondse. Hierdie tjek was ter vereffening van sy rekening van R1 600.
 - P. Bezuidenhout, 'n debiteur wie se rekening vroeër as oninbaar afgeskryf is, het R900 in die onderneming se bankrekening gedeponeer.
- H 'n Leë kantoor word aan 'n huurder uitverhuur sedert 1 Maart 2017. Die huurder het Maart 2018 se huur vooruit in Februarie 2018 betaal. Neem kennis dat die huur op 1 Januarie 2018 met R1 800 per maand verhoog.
- I Die langtermynlening word jaarliks op 1 September in 'n paaiement van R30 000 terugbetaal. Die bedrag is behoorlik geboekstaaf. Voorsien vir uitstaande rente teen 14% p.j.
- J Voorsien vir waardevermindering van R47 500 vir die jaar.
- K 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal van Februarie 2018 weggelaat. Sy besonderhede is as volg:

Bruto Salaris	Aftrekkings	*Bydraes	Netto Salaris
?	6 000	3 000	13 000

* Werkgewerbydraes word as salarisse en lone geboekstaaf.

VRAAG 3: BEGRIPPE EN NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**(50 punte; 40 minute)**

3.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

3.1.1 Bedryfsbates sluit items in wat na verwagting binne een jaar in kontant omgeskakel kan word.

3.1.2 Niebedryfslaste sluit skuld in wat binne een jaar vereffen word.

3.1.3 Krediteure vir salarisse en SAID (LBS) sal onder nie bedryfsbates verskyn.

(3)

3.2 VENUS WINKELS

Jy word voorsien van inligting rakende Venus Winkels vir die finansiële Jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

3.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op:

- Voorraad (5)

- Handels- en ander ontvangbares (5)

- Kontant en kontantekwivalente (3)

- Kapitaal (8)

- Handels- en ander betaalbares (5)

3.2.2 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2018. (21)

INLIGTING**Uittreksel van die Algemene Grootboek op 28 Februarie 2018.**

	R
Kapitaal	1 030 000
Onttrekkings	125 000
Lening van Star Bank	350 000
Vaste bates (drawaarde op 28 Februarie 2018)	1 191 200
Vaste deposito: Top Bank	120 000
Handelsvoorraad	310 000
Debiteurekontrole	48 700
Oortrokke bank	64 700
Kleinkas	1 200
Krediteure vir salarisse	16 000
SAID – LBS	3 200
Krediteurekontrole	55 600

ADDISIONELE INLIGTING:

- A Die eienaar van Venus Winkels:
- Dra R180 000 kontant as bykomende kapitaal op 31 Julie 2017 by (dit is behoorlik geboekstaaf).
 - Neem voorraad vir persoonlike gebruik, kosprys, R11 000 (dit is nie geboekstaaf nie).
- B Die volgende aansuiwerings moet nog vir die Balansstaat in berekening gebring word:
- Bedrag verskuldig vir elektrisiteit, R3 900.
 - Kommissie inkomste vooruit ontvang, R15 000
 - 'n Advertensie wat R14 000 kos, sal in die koerant in Maart 2018 geplaas word. Betaling is gedurende Februarie 2018 gedoen en geboekstaaf.
 - Verpakkingmateriaal voorhande aan die einde van die jaar volgens 'n fisiese voorraadopname, R7 300.
 - Huur deur die huurder verskuldig, beloop R8 000.
- C Die vaste bates sluit 'n bedrag van R182 000 in wat betaal is aan Ace Bouers vir die bou van 'n stoorkamer (R150 000) en herstelwerk aan die dak van die winkel (R32 000). Die fout moet herstel word.
- D R25 000 van die vaste deposito van Top Bank verval op 31 Mei 2018.
- E 'n Direkte deposito van R15 000 is deur die bank gemaak ter vereffening van die maandelikse terugbetaling van die lening van Star Bank op 28 Februarie 2018. Geen inskrywing is in die boeke van die onderneming gemaak nie.
- F Die netto wins vir die jaar beloop R235 000 nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is.

VRAAG 4: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**(30 punte; 25 minute)**

Die jaar eind van Mkhwanazi Verskaffers was op 28 Februarie 2018. Die eienaar is Rebecca Mkhwanazi. Jy word voorsien met uittreksels van die 2018 finansiële state en finansiële aanwysers.

GEVRA:

- 4.1 Verwys na die tabel in **Inligting C**:
Bereken die ontbrekende finansiële aanwysers.
- 4.1.1 Die persentasie bedryfsuitgawes op verkope (3)
- 4.1.2 Bedryfsverhouding (3)
- 4.1.3 Vuurproefverhouding (4)
- 4.1.4 Die persentasie opbrengs op gemiddelde ekwiteit (5)
- 4.2 Verduidelik of Rebecca tevrede moet wees oor die solvensie van die onderneming. (3)
- 4.3 Verduidelik waarom Rebecca tevrede moet wees met die likiditeit van die onderneming. Haal **TWEE** finansiële aanwysers en hul tendense in hierdie geval aan. (4)
- 4.4 Rebecca het die winsopslag-% in 2018 verander. Verduidelik waarom Rebecca se besluit verkeerd was. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)
- 4.5 Verduidelik waarom Rebecca met die % opbrengs op eienaarsbelang tevrede moet wees. Haal **EEN** finansiële aanwyser en hul tendens in die geval aan. (4)

INLIGTING:**MKHWANAZI VERSKAFFERS**

A.

UITTREKSEL UIT INKOMSTESTAAT (STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE) VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE		
	2018	2017
Verkope	2 560 000	2 275 000
Koste van verkope	1 600 000	1 300 000
Bruto wins	920 000	975 000
Ander bedryfsinkomste	80 000	60 000
Bedryfsuitgawes	566 400	455 000
Bedryfswins	433 600	580 000
Rente inkomste	45 000	55 000
Rente uitgawe	55 000	38 000
Netto wins	423 600	597 000

B.

**UITTREKSEL UIT BALANSSTAAT (STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE)
SOOS OP 28 FEBRUARIE**

	2018	2017
Eienaarsbelang	1 647 000	1 213 000
Niebedryfsbates	1 660 000	1 150 000
Bedryfsbates	270 000	408 000
Niebedryfslas	175 000	209 000
Bedryfslas	108 000	136 000
Vaste bates	1 300 000	700 000
Voorraad	135 000	306 000
Belegging in Vaste deposito	360 000	450 000
Kontant en kontantekwivalente	58 000	40 000
Handels en ander ontvangbares	77 000	62 000

C.

FINANSIËLE AANWYSERS	2018	2017
Winsopslag %	60,0 %	75,0%
Bruto wins op verkope	37,5 %	42,9 %
Bedryfsuitgawes op verkope	?	20%
Bedryfswins op verkope	24,6 %	25,5 %
Netto wins op verkope	24,1 %	26,3 %
Solvensie-verhouding	6,8:1	4,5 :1
Bedryfsverhouding	?	3,0 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,75 : 1
% Opbrengs op gemiddelde ekwiteit	?	27,2 %

30

TOTAAL: 150 PUNTE

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eenaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	